

# St. Katerina van Alexandrië

## 25 November

(4de eeu)

Hierdie beskermheilige van filosowe en geleerdes moes ’n merkwaardige vrou gewees het. Volgens oorlewering was sy die dogter van Constus, die goewerneur van die stad. Sy word Christen en toe die Romeinse keiser, Macentius, daarvan hoor, daag hy haar uit om haar oortuigings teen 50 geleerde manne en filosowe te verdedig. Sy wen die debat en hulle almal word Christen. In sy woede laat die keiser hulle almal verbrand. Vir haar is ‘n spesiale foltermasjien ontwerp, die latere Katerina-wiel wat in moderne vuurwerke gebruik word. Sy sterf uiteindelik en haar liggaam word vandag in die Katerina-klooster by die Berg Sinaï bewaar, een van die oudste kloosters in die wêreld.

© Die Oratorium Uitgewery